Vinkie

Laerskool Fairland

Marketstraat 145, Fairland | 011 678-4591/2 | www.lsfairland.co.za | Jaargang 22 nr 26 | 10 September 2015

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Personalia

Ons groet hierdie week vir Lindsay Stadtlander wat met bevallingsverlof gaan tot aan die einde van 2015. Ons glo en vertrou dat alles met jou sal goed gaan.

Baie geluk ook aan Anneke Marx met die geboorte van haar kleindogter, Lana Wannenburg. Mag sy vir jul net vreugde verskaf.

Kleredrag

Vanaf Maandag 14 September mag die leerders net somersdrag dra.

Kaskardag: 12 September 2015

Baie dankie vir die ouers se ondersteuning met ons besluit om die kaskardag/kuierfees te skuif. Ons glo ons het die regte besluit geneem. Ons sien uit daarna om jul Saterdag hier by die skool te sien en lekker saam te kuier.



VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende personeel wat dié week verjaar:

Charmaine Graham	-	11 September
Maricia Macdonald	-	14 September
Ilene Oberholzer	-	14 September

Ons glo en vertrou dat jul nuwe lewensjaar sommer baie voorspoedig en geseënd sal wees.

BELANGRIKE DATUMS

KULTUUR		SPORT		ALGEMEEN	
18 Sept.	Senior- en Juniorkoor: NEA	14 Sept.	Skaak: Liga	12 Sept.	Kaskardag/Kuierfees
20 Sept.	Seniorkoor: NG Weltevreden	19 & 20 Sept.	St. Benedict's Tennistoernooi o/13	15 & 16 Sept.	Travelling Bookshop
18 Okt.	Juniorkoor: NG Weltevreden (aanddiens)			18 Sept.	WOW-spelfees provinsiale rondte
				25 Sept.	Skoolvakansiedag
				28 Sept.	Begroting: Inligtingsessie met ouers

VAKANTE BEHEERLIGGAAMPOSTE

OPVOEDERS:

GRONDSLAGFASE: Gr. R en Gr. 1 - MELD BEVOEGDHEDE

INTERSENFASE: Gr. 4- tot gr. 7 - MELD BEVOEGDHEDE

(Rugby- en Krieketafrigting 'n vereiste - MELD BEVOEGDHEDE)

VEREISTES: Kandidate moet beskik oor toepaslike onderwyskwalifikasies

STUDENTE-OPVOEDERS: GRONDSLAGFASE - MELD BEVOEGDHEDE

SALARIS: Onderhandelbaar

DIENSAANVAARDING: 1 Januarie 2016

AANSOEKE SLUIT: 14 September 2015 om 12:00

E-pos verkorte CV na karen@lsfairland.co.za of skakel die hoof, Mnr. Goosen (011 678-4591) vir meer Inligting.

VAN DIE BEHEERLIGGAAM

UITNODIGING VIR TENDERS: BEDRYF VAN LAERSKOOL FAIRLAND-SNOEPIE

Wie dit mag aangaan

Geliewe kennis te neem dat Laerskool Fairland hiermee kennis gee dat skriftelike tenders ingewag word vir die bedryf van die skoolsnoepie op die skoolterrein. Die tenderproses open op 21 September 2015 en sluit op 12 Oktober 2015 om 12:00. Geen laat tenders sal oorweeg word nie. Tenders moet skriftelik ingedien word by die skool (Vir aandag: Die Skoolhoof). Geen voorskrifte ten aansien van die uitleg van die tender word vereis nie, maar die tender sal onder andere aan die hand van die volgende riglyne beoordeel word:

1. Die aanbieding van 'n verskeidenheid wat insluit gesondheidskos en –koeldrank;
2. Kreatiwiteit;
3. Die effektiewe hantering van groot getalle kinders met spesifieke verwysing na bedieningspunte;
4. Mededingende pryse; en
5. Relevante ervaring.

Neem ook asseblief kennis dat indien u tender suksesvol sou wees, die skool 'n kontrak met u sal sluit wat onder andere die volgende kontrakbedinge sal bevat:

1. Betaling van huurgeld aan die skool sowel as elektrisiteitsgebruik;
2. Minimum standaarde ten opsigte van gesondheid en netheid;
3. Minimum voorraadvlakke;
4. Dienstye en –standaarde;
5. Die skool se reg om op spesifieke dae soos sport- en feesdae ook verkope van kos en koeldrank waar te neem;
6. Die kontraktermyn; en
7. Die skool se reg om die kontrak te kanselleer.

Na die sluitingsdatum sal 'n kortlys saamgestel word en u kan moontlik genooi word om 'n onderhoud by te woon. Die besluit om die tender toe te ken is finaal en geen verdere korrespondensie sal verwissel word nie. Die effektiewe datum van die kontrak is 01 Januarie 2016.

Geliewe enige navrae te rig aan mnr. Willie Goosen (011) 678-4591/2.

Begroting-inligtingsessie: 28 September

Vir alle belangstellende ouers, hou asb. bogenoemde datum oop. Verdere korrespondensie sal binnekort aan u uitgestuur word.

Kaskarkuierfees : 12 September 2015

Wat 'n feestelike atmosfeer heers hier nie op die skoolterrein nie! Verskillende wêreldbekerlande word só mooi uitgebeeld en die leerders is behoorlik opgewonde oor die groot dag! Vanaf 10:30 op Saterdag 5 September gaan die reuse-optog van al 47 klasse begin, aangetrek volgens die Wêreldbeker-tema! Elke leerder het 'n donasielys ontvang en moet asb. poog om die lyste ingevul terug te stuur na die skool voor of op 11 September 2015.

U, as ouer, word uitgenooi om op die rugbyveld te kom uitspan, bring u piekniekmandjie, eie stoele, gazebo's en vleis en kom kuier saam met ons. Die skool verskaf die vure en dit sal om 12:30 gereed wees!

Daar is pryse vir die junior- en seniorspanne met die beste spangees asook die spanne wat die meeste rondtes voltooi.

Aan die einde van die dag sluit ons af met 'n opwindende ouer-/onderwyserresies! Stof solank u drafskoene af!

Kaskar-baanprogram

Optog: 10:30 – 10:55

SESSIE 1: 11:00 – 11:25

Baan 1

Graad	Kaskarnommer
6/04	1
6/32	2
6/34	3

Baan 2

Graad	Kaskarnommer
6/37	4
6/40	5
6/44	6

SESSIE 2: 11:30 – 11:55

Baan 1

Graad	Kaskarnommer
R/07	1
R/08	2
R/09	3

Baan 2

Graad	Kaskarnommer
R/10	4
R/11	5
R/11A	6

SESSIE 3: 12:00 – 12:25

Baan 1

Graad	Kaskarnommer
4/47	1
4/48	2
4/49	3

Baan 2

Graad	Kaskarnommer
4/50	4
4/51	5
4/52	6

SESSIE 4: 12:30 – 12:55

Baan 1

Graad	Kaskarnommer
2/14	1
2/15	2
2/16	3

Baan 2

Graad	Kaskarnommer
2/17	4
2/21	5
2/23	6

SESSIE 5: 13:00 – 13.25

Baan 1

Graad	Kaskarnommer
5/02	1
5/03	2
5/05	3

Baan 2

Graad	Kaskarnommer
5/39	4
5/41	5
5/43	6

SESSIE 6: 13:30 – 13.55

Baan 1

Graad	Kaskarnommer
1/18	1
1/22	2
1/24	3

Baan 2

Graad	Kaskarnommer
1/25	4
1/26	5
1/27	6

SESSIE 7: 14:00 – 14.25

Baan 1

Graad	Kaskarnommer
3/12	1
3/13	2
3/28	3

Baan 2

Graad	Kaskarnommer
3/29	4
3/46	5
3/45	6

SESSIE 8: 14:30 – 14.55

Baan 1

Graad	Kaskarnommer
7/01	1
7/06	2
7/30	3

Baan 2

Graad	Kaskarnommer
7/31	4
7/33	5

SESSIE 9: 15:00 – 15.20

Baan 1

Graad	Kaskarnommer
Ouers	1
Onderwysers	2
Borge	3

REDAKSIE

Negatiwiteit steel 'n mens se vreugde. Dis kommerwekkend om te sien hoe baie mense aan die siekte ly. Dis dalk nie so onverstaanbaar, gegewe al die eksterne faktore in ons land nie, maar dit is en bly 'n bron van kommer. Indien iemand hom vasstaar in die spreekwoordelike "bobbejaan agter die bult", sal hy mettertyd vind dat weinig hom nog opgewonde maak oor die lewe. Later word dit 'n leefstyl en die eerste reaksie in enige situasie is om die ergste te verwag. Op die manier gaan al die mooi en wonderbaarlike dinge wat op 'n daaglikse basis in sy lewe plaasvind, hom verby. Daar bly niks oor om na uit te sien nie en die gat word al hoe dieper. Hierdie is nie 'n situasie wat ligtelik opgeneem moet word nie. Al hoe meer mense en ja, ook kinders, word behandel vir depressie en sosiale onttrekking. Ons is nie regtig toegerus om die toestand te hanteer nie en moet gewoonlik professionele hulp inroep.

Kom ons wend 'n daadwerklike poging aan om nie altyd te soek vir die donker kant van alles nie, maar om bewustelik te poog om die klein genadetjies raak te sien, om elke dag met 'n dankbare hart te begin en om doelbewus die son oor ander te laat skyn. Dis verbasend hoe 'n warm gevoel sulke gereflekteerde hitte om jou hart kan genereer.

Met hartlike wense vir 'n sonskynweek!

Erika

AKADEMIE

TOETSROOSTER

Derde Kwartaal	Graad 4	Graad 5	Graad 6	Graad 7
Di. 8 September				Tegnologie
Vr. 11 September	NW	LV (oopboek)	LV (oopboek)	SW
Di. 15 September				SK
Vr. 18 September	SW	SW	SW	EBW

Neem asb. kennis van die volgende belangrike datums

ANA-toetsrooster

Vak	Graad	Datum
Afrikaans	3 en 6	Dinsdag 15 September
Afrikaans	1, 2, 4, 5, 7	Woensdag 16 September
Wiskunde	3 en 6	Donderdag 17 September
Wiskunde	1, 2, 4, 5, 7	Vrydag 18 September

Eindeksamendatum soos deur die Departement bepaal: 16 November 2015 tot 30 November 2015

Rooster sal in die vierde kwartaal aan u deurgegee word.

KULTUUR

OUDISIES VIR BAK VIR MA

Ons het nog geen nuus van die organiseerders gekry nie en wag nog vir enige moontlike uitslae. Ek wil net noem dat sulke organisasies gewoonlik net laat weet as daar suksesvolle kandidate was. Ons sal hulle kontak as daar teen volgende week nog geen nuus is nie.

Seniorkoor

Baie dankie aan al die leerders en hul ouers wat die optrede by NG Kerk Fairland bygewoon het. Dit was 'n voorreg om daar te sing.

Belangrike datums

18 September- NEA by Maragon Privaatskool.

20 September – NG Kerk Weltevredenpark 08:00 en 10:00 diens. Leerders moet reeds 07:15 daar wees. Korrek geklee asb.

Oefeninge is Dinsdae 17:00 tot 19:00 in die saal. Skriftelike verskonings moet asseblief ingedien word indien 'n oefening nie bygewoon kan word nie.

Juniorkoor

Belangrike datums

18 September - NEA by Maragon Privaatskool. Leerders moet reeds teen 14:15 daar wees (korrek geklee)

18 Oktober - NG Weltvreden aanddiens

Radikale Redenaars

Hiermee die tye van deelname aan die Radikale Redenaars by Laerskool Fontainebleau (Graad 1 - 4) op 10 September 2015 Laerskool Fairland (Graad 5 - 7) op 14 September 2015. Die lokale sal nog bevestig word.

Laerskool Fontainebleau 10 September 2015

14:00 Gr. 1-2
15:00 Gr. 3
15:45 Gr. 4

Laerskool Fairland 14 September 2015

14:00 Gr. 7 en spanredenaars
15:00 Gr. 6
16:15 Gr. 5

Sprekers moet asb. 15 minute voor die aanvang van hul geskeduleerde tye reeds by die betrokke lokale aanmeld.

NEA

Alle uitslae, dus oorspronklike sertifikate en repliekvorms moet binne 7 dae na optrede, ingehandig word by juf. Karen Nel, K12 (gr.R tot gr.3) en juf. Karen Brits, K48 (gr.4 tot gr.7). Uitslae sal dan in die saal, ter gelegenertyd, afgelees word en die sertifikate sal later aan leerders terugbesorg word. Gr. 4 – 7 se rekords sal dienooreenkomstig aangepas word. Indien uitslae laat ingehandig word, verbeur die leerder die geleentheid in die saal, maar rekord sal nog steeds gehou word in die geval van gr. 4- tot gr.7- leerders.

Uitslae sal voorts op die School Communicator aangebring word, aangesien dié rondte van NEA-deelname 'n groot aantal sertifikate tot gevolg het.

National Eisteddfod Academy Young Performer Awards - UITSLAE AUGUSTUS 2015

Gr.	Naam en van	Sertifikaat	Toekenning
R	Waylon Mengel	Afrikaanse liriese/ verhalende groepprosa (Intermediêre groep)	Diploma
1	Danielle Dixon	Afrikaanse redenaars:oorredingstoespraak	Junior diploma
1	Eben van Graan	Afrikaanse redenaars:oorredingstoespraak	Goud
2	Jessica Janse	Afrikaanse redenaars:oorredingstoespraak	Junior diploma
	Van Rensburg	Afrikaanse prosa : Bybel	Goud
2	Mia le Grange	Afrikaanse verhalende prosa	Junior diploma
2	Josiah Stroh	Afrikaanse verhalende prosa	Junior diploma
3	Diaan Rooseboom	Afrikaanse redenaars: oorredingstoespraak	Junior diploma
		Afrikaanse samespraak: intermediêre groep	Junior diploma
		English comic monologue	Junior diploma
3	Nelius van Graan	Afrikaanse redenaars: oorredingstoespraak	Junior diploma
4	Andries de Kock	Afrikaanse redenaars: oorredingstoespraak	Goud
		English prepared reading skills	Diploma
4	Natalie Dixon	Afrikaanse redenaars: oorredingstoespraak	Diploma
4	Isabella du Toit	Afrikaanse voorbereide lees	Diploma
		Afrikaanse redenaars: oorredingstoespraak	Diploma
4	Jarik Engelbrecht	Afrikaanse redenaars: oorredingstoespraak	Diploma
4	Jessica Goosen	English lyric poetry	Diploma
4	Maria Kotz	Afrikaanse redenaars: oorredingstoespraak	Goud
		Afrikaanse voorbereide lees	Diploma
4	Daniela Popovic	Afrikaanse verhalende prosa	Goud
		English prepared reading skills	Diploma

SATCH

Onthou asb. om julle name en uitslae vir juf. Lillian te gee.

Hoërskool Florida Babbelfees

Die volgende leerders het op 11 Augustus 2015 aan Hoërskool Florida se Florrie-Babbelfees deelgeneem en hul uitstekend van hul taak gekwyt en goed gebabbel by die fees! Hulle moes as span binne 12 minute redeneer oor enige onlangse koerantartikel. Hulle het die eerste plek losgeslaan met hul toespraak met die tema: "Ouers KAN weet wat in hulle kinders se harte aangaan!" Baie geluk aan:

Leon Dörfling Pieter le Roux Anja Steyn Marna van Greunen Erika Joubert

SPORT

MINI-KRIEKET (Gr. 1- en gr. 2-leerders)

Oefentye

Maandae: 13:30 – 14:30

Dinsdae: 13:00 – 14:30

Onthou om sonblok aan te smeer en bring 'n kolf, tennisbal en koue water saam.

Sien julle voor die krieketnette! - Juf. Estelle

KRIEKET

2de span vs Bryanston Parallel

Fairland 98/7

BPMS 97/8

Beste kolwer: Ruben Kruger 20 lopies

Beste bouler: Jean-Leonard Retief 2/3 lopies

Fairland wen met 3 paaltjies

3de span vs Esperanza

Beste kolwer: FC Bezuidenhout 20 n.u.n

Beste bouler: Wynand Hofmeyer

Fairland wen met 100 paaltjies

o/11A vs Curro Aurora

Fairland 193/7

Curro Aurora 77 almal uit

Beste kolwer: Juan Neveling 77 lopies

Beste bouler: Luan van Eden

Fairland wen met 120 lopies

o/11 Groen vs 0/11 Geel

Fairland Groen 99/3

Fairland Geel 91 almal uit

Beste kolwer: Ruan Schoeman 24 lopies

Beste bouler: Ruan Schoeman 3/5

Fairland Groen wen met 7 paaltjies

o/10A vs Curro Aurora

Fairland 178/1

Curro Aurora 62/8

Beste kolwer: Cor Muller 45 lopies

Beste bouler: Deon Muller 2/8 lopies

Fairland wen met 106 paaltjies

o/10 Groen vs Esperanza

Fairland 44 almal uit

Esperanza 95/7

Beste kolwer: Gerrit Muller 15 lopies

Beste Bouler: Jayden Louw 2/12 lopies

Fairland verloor met 51 lopies

o/9A vs Curro Aurora

Fairland 188/1

Curro Aurora 82/5

Beste kolwer: Malan Graham 73 van 51 balle

Beste bouler: Pieter de Klerk 2/11 lopies

Fairland wen met 106 lopies

o/9 Groen vs o/9 Geel

Fairland Groen 89/1
Fairland Geel 86/5
Beste kolwer: Juandre Muller 42 n.u.n
Beste bouler: Herman Wessels
Fairland Groen wen met 9 paaltjies

Aandreeks: 1ste span

1ste vs Curro Aurora

Fairland 136/2
Curro Aurora 67/7
Beste kolwer: Johan Muller 64
Beste bouler: Nathan Raath 2/10 lopies
Fairland wen met 69 lopies

1ste vs H/s Randburg 0/14

Fairland 64/8
Randburg 65/3
Beste kolwer: Janko de Swardt
Fairland verloor met 7 paaltjies

o/9- tot o/13-spanne

Oefentye

Maandae: 14:10 – 15:40
Dinsdae en Woensdae: 13:45 – 15:15

Voorlopige krieketbepalings

Neem asb. kennis dat onderstaande kan verander weens omstandighede buite ons beheer en briewe met korrekte inligting sal per hand aan spelers gegee word.

1ste span	14 September	Bryanston Parallel	(weg)
	21 September	Fontainebleau	(tuis)
	19 Oktober	Dalmondeor	(weg)
	26 Oktober	Semi-finaal	
2 November	Finaal		
2de span	14 September	Unika	(tuis)
	21 September	Dalmondeor	(weg)
	28 September	BYE	
	19 Oktober	Fontainebleau	(tuis)
	26 Oktober	Semi-finaal	
	2 November	Finaal	
3de span	14 September	Dalmondeor	(weg)
	16 September	Esperanza	(weg)
	28 September	Fontainebleau	(tuis)
o/11A	3 September	Curro Aurora	(weg)
	9 September	Fontainebleau	(weg)
	10 September	Jan Celliers	(weg)
	17 September	Bryanston Parallel	(tuis)
	22 Oktober	Dalmondeor	(tuis)
	29 Oktober	Semi-finaal	
	5 November	Finaal	
o/11-Groen	17 September	BYE	
	24 September	Bryanston Parallel	(weg)
o/11-Geel	17 September	Fontainebleau	(weg)
	30 September	Esperanza	(tuis)
o/10A	16 September	Bryanston Parallel	(weg)
	1 Oktober	Fontainebleau	(tuis)
	21 Oktober	Dalmondeor	(weg)
	28 Oktober	Semi-finaal	
	4 November	Finaal	
o/10-Groen	16 September	BYE	
	23 September	Dalmondeor	(weg)
	30 September	Fontainebleau	(weg)
	21 Oktober	Bryanston Parallel	(tuis)
o/9A	15 September	Bryanston Parallel	(tuis)
	16 September	Louw Geldenhuys	(tuis)
	22 September	Fontainebleau	(weg)
	29 September	Unika	(weg)
	20 Oktober	Dalmondeor	(tuis)
	27 Oktober	Semi-finaal	
o/9-Groen	15 September	Esperanza	(weg)
	22 September	Louw Geldenhuys	(tuis)
	29 September	Unika	(tuis)
	20 Oktober	Jan Celliers	(weg)
o/9-Geel	15 September	Louw Geldenhuys	(weg)
	23 September	Bryanston Parallel	(tuis)
	29 September	Jan Celliers	(weg)
	20 Oktober	Fontainebleau	(weg)

TENNIS

Juniorseuns B wen 28 - 0 teen Crawford Lonehill
Juniordogters B wen 15 - 13 vs Trinity

Seniortennis: Wedstrydbepalings

Seniordogters A

Woensdag	16 Sept.	Louw Geldenhuys	(tuis)
	23 Sept.	Crawford Sandton	(tuis)
	30 Sept.	Randpark	(tuis)

	14 Okt.	Fontainebleau	(weg)
	21 Okt.	Parkview	(weg)
	28 Okt.	Curro Aurora	(tuis)

Seniordogters B

Woensdag	16 Sept.	Cliffview	(weg)
	23 Sept.	King School Robinhills	(tuis)
	30 Sept.	NWCS (A)	(weg)
	14 Okt.	Unika (A)	(tuis)
	21 Okt.	Trinity	(weg)
	28 Okt.	Bryanston	(tuis)

Seniorseuns A

Donderdag	10 Sept.	Trinity	(tuis)
	17 Sept.	Louw Geldenhuys	(tuis)
	23 Sept.	Montrose	(tuis)
	1 Okt.	King David Sandton	(tuis)
	15 Okt.	Fontainebleau	(weg)
	22 Okt.	Curro Aurora	(weg)
	29 Okt.	Crawford Sandton	(tuis)

Seniorseuns B

Donderdag	10 Sept.	Unika	(tuis)
	17 Sept.	Rivonia	(tuis)
	23 Sept.	Fontainebleau	(weg)
	1 Okt.	King David Victorypark	(weg)
	15 Okt.	Louw Geldenhuys	(weg)
	22 Okt.	Crawford Lonehill (A)	(tuis)
	29 Okt.	Trinity	(weg)

Tennisafrigting: gr. 1- en gr. 2-leerders

Indien daar enige belangstelling is, kontak asb. vir Philip Lawson (082 079-8531).

Oefentye

Dinsdae: 13:40 - 15:40

Donderdae: 14:10 - 15:10 (wedstryde word ook op Donderdae gespeel)

HOKKIE

Uitslae:	Dinsdag 8 September	
o/9	verloor	1 – 0
o/10	wen	2 – 0
o/11	wen	5 – 1
o/12	gelykop	0 – 0
o/13	wen	2 – 0

Liga-uitslae: (Dogters)

o/9	-	eerste
o/10	-	eerste
o/11	-	eerste
o/12	-	eerste
o/13	-	eerste

Liga-uitslae: (Seuns)

o/10 & o/11 (gemeng) - eerste o/13 (oop) - tweede

Baie geluk aan al ons seuns en dogters. Laerskool Fairland is baie trots op julle!

SKAAK

Ontwikkelingspan wen 12 - 0 vs Unika

o/11 verloor 6½ - 5½ vs Trinity House Randpark

o/13 wen 9 - 2 IR Griffith

Oefentye

Gr. 1	:	Donderdag	Na skool tot 14:15	Kamer 22
Gr. 2 – 3	:	Donderdag	14:00 – 15:00	Kamer 27
Gr. 4 – 7	:	Donderdag	15:00 – 16:30	Kamer 31

LANDLOOP

Die volgende leerders het die naweek deelgeneem aan die D10-kampioenskap:

Matilda Steyn, Ian de Fouw, Anne Louw, Erika Spanenberg, Claudi Greeff, Francois van Zyl, Kean Swanepoel, Corné de Fouw

Baie geluk aan die volgende leerders wat kwalifiseer vir die Gautengkampioenskap;

Francois van Zyl – 3de	Ian de Fouw – 1ste
Kean Swanepoel – 1ste	Claudi Greeff – 6de
Erika Spangenberg – 10de	Anne Louw – 6de

Oefentye

Maandag, Dinsdag en Woensdag: 15:45 – 17:00

Donderdag: 14:15 – 15:30

Onthou om jou tekkies saam te bring!

Mnr. Jordaan

INLIGTINGSENTRUM

ATKV - AFRIKAANS OLIMPIADE

Sowat 30 gr. 7-leerders het op Dinsdag 8 September die ATKV - Afrikaans Olimpiade vir gr. 7 tot gr. 9 Afrikaans huistaal geskryf. Ons glo julle het julle goed van julle taak gekwyt.

BATTLE OF THE BOOKS 2015

Ons leesgroep neem vandag 10 September deel aan die tweede rondte te Florida Openbare Biblioteek.

TRAVELLING BOOKSHOP-UITSTALLING: DINSDAG 15 SEPT. EN WOENSDAG 16 SEPT.

Kom besoek gerus weer die uitstalling met bekostigbare boeke in die saal. Maak 'n draai en kry 'n lekkerlees-boek vir die vakansie!

WOW - PROVINSIAAL 18 SEPTEMBER 2015

Sterkte aan al ons gr. 1- tot gr. 7- WOW-spellers wat op Vrydag 18 September vanaf 14:00 aan die provinsiale rondte deelneem. Daar is vanjaar tussen 3 - 6 ander laerskole wat deelneem, asook heelwat individuele inskrywings. Kompetisie is dus straf!

Onthou daar sal 'n skriftelike sowel as 'n mondelinge rondte wees. As jy kans sien, kan jy na die daaropvolgende graad se spellyste ook loer ter ekstra voorbereiding.

Baie sterkte aan almal met die voorbereiding!

Wow-groete!

Leanie Taljaard

ALGEMEEN

VERE-KAS

Tye

	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
Oggend	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40
Middag	13:30-14:00	13:00-13:30	13:00-13:30	13:30-14:00	Gesluit

Lillian Ankersmit

082 324-5034

Toediening van medikasie GR. 1 – 3

Indien 'n leerder ongesteld is en medikasie by die skool moet drink, moet u asb. die medikasie met duidelike voorskrif van die toediening aan die klasonderwyseres stuur.

10 Steps before Ritalin

'n Aantal van ons personeel het verlede kwartaal 'n baie insiggewende praatjie van dr. Hein Badenhorst bygewoon. Sy onderwerp was, "10 Steps before Ritalin". Ons deel graag hierdie 10 stappe met u oor die volgende 10 weke:

Stap 4: Hoë stresvlakke

Kinders weet nie altyd hoe om by veranderinge aan te pas nie en hoe om verskillende situasies waarmee hul te doen kry, te hanteer nie. Dit veroorsaak verhoogde stresvlakke by ons kinders wat ook breinfunksie kan beïnvloed, in besonder vergeetagtigheid.

Help kinders hiermee deur:

- genoeg oefeninge te doen
- emosionele ondersteuning
- die inname van té veel suiker te beperk
- 'n goed gestruktueerde huislike omgewing

Hou die Vinkie dop vir die volgende stappe.

STERRE VAN DIE WEEK

Gr. 1/18	: Anais Esterhuizen	Gr. 1/22	: Juan Loots
Gr. 1/24	: Martin Nel	Gr. 1/25	: Tiaan Van der Merwe
Gr. 1/26	: Louis Van Kradenburg	Gr. 1/27	: Gustav Vorster
Gr. 2/14	: Abigail Louw	Gr. 2/15	: PJ Nieman
Gr. 2/16	: Christiaan Botha	Gr. 2/17	: Daniël Booysen
Gr. 2/21	: Haley Klue	Gr. 2/23	: Michael Duvenhage
Gr. 3/12	: Dimar Pretorius	Gr. 3/13	: Hanno de Lange
Gr. 3/28	: Arno Pretorius	Gr. 3/29	: Desi Coetzer
Gr. 3/45	: Jora Du Toit	Gr. 3/46	: Dawie Human

GOEIEGEDRAGSKNOPIE

Gr. 1/18	:	Gr. 2/14	: Abigail Louw
Gr. 2/16	: Layton Van der Merwe	Gr. 2/21	: Kyle Van der Merwe
Gr. 3/28	' Arno Pretorius	Gr. 3/29	: Zandiar Nel
Gr. 3/29	: Adriaan Venter	Gr. 3/29	: Jean-Pierre Griesel

SPORT BUITE SKOOLVERBAND

GIMNASTIEK

Keegan Klopper het op Vrydag 28 Augustus deelgeneem en Gauteng verteenwoordig by die "North Zone Gymnastics Festival" te Kemptonpark. Hulle ding mee teen ander provinsies soos Limpopo, Noordwes, Mpumalanga, Oos-Gauteng, Vaaldriehoek en die Vrystaat. Hy het algeheel 'n goue medalje verwerf.

Sophia Kotzé het by dieselfde kampioenskap 'n goue medalje verwerf vir 'n gemiddeld bo 36 punte vir vlak 2 en eindig algeheel 7de.

Isabell-Rose Lemon het baie goed gevaar by bogenoemde kompetisie en algeheel 'n goue medalje verwerf vir haar 4 items.

Mila Pieterse het by dieselfde kompetisie op Donderdag 27 Augustus algeheel 'n goue medalje verower in vlak 1 met 'n totaal van 35.8 punte en 'n gemiddeld van 8.95.

Karma Visagie het ook op Donderdag 27 Augustus 'n algehele goue medalje verower in vlak 1 met 'n totaal van 36.25 punte en 'n gemiddeld van 9.06

Jana Simpson het ook Sentraal - Gauteng se A-span by dieselfde kompetisie verteenwoordig en sy verwerf hier 'n silwermedalje.

Tamryn Arter het op 25 Julie 'n goue medalje vir eerste plek verwerf by die Bosveld gimnastiekkompetisie te Brits.

Op 1 Augustus verwerf sy 'n algehele tweede plek en verwerf hiermee haar A-span Sentraal - Gautengkleure. Op 29 Augustus verwerf sy 'n goue medalje vir algeheel eerste plek by die "North Zone Challenge."

Lea Simpson het by die "North Zone Challenge" Sentraal - Gauteng se A-span verteenwoordig en verwerf hier 'n bronsmedalje.

KARATE

Dylan Buys het op 25 Julie 'n tweede plek verower in kumite by Noord - Gauteng se kampioenskap in die 10 – 11 jarige ouderdomsgroep, persbelt.

BOOGSKIET-OPNAME

Ons wil graag julle belangstelling in boogskiet as 'n buitemuurse aktiwiteit toets. Daar is sekere kriteria waaraan ons skool moet voldoen voordat ons 'n boogskietprogram kan aanbied en dit hang van getalle af. Vir meer inligting oor die Nasionale Boogskietprogram besoek gerus www.nasp.co.za. Indien u belangstel om u kind daaraan bloot te stel, stuur 'n e-pos aan mnr. Johan Kamper by jk.8888@ymail.com.

ADVERTENSIES

RESONANZE PROJECT MUSIEKSKOOL : BERARIO-ONTSPANNINGSENTRUM

Die derde kwartaal het begin, en nou…IS DIT TYD om in te skryf vir musieklesse! Ons bied lesse te kies en te keur - klavier, sang, viool, dromme, kitaar, en musiekprogrammering.

Anthea Clark, 081 351 7491, Berario Ontspanningsentrum.

JUSTINE VELSORGPRODUKTE

Sy is kosbaar, sy is waardevol, 'n vrou na haar man se hart, sy is 'n Justine Vrou! Justine is een van Suid-Afrika se premier velsorgprodukte, en lewer reeds 40 jaar spesiale sorg vir Suid Afrikaners. Die velsorgprodukte is ontwerp vir die Suid-Afrikaanse klimaat en het vele bewyse van tasbare voordele. Justine kompeteer met internasionale produkte. Kontak gerus vir Marlene by 083 701 3586 of marlenebohmer@gmail.com vir Justine produkte soos "Tissue"-olie, "Anti-Aging" produkte en daardie spesiale skoonheidsproduk vir die spesiale vriendin. Die eerste 5 bestellings kry 10% afslag!

HUIS TE KOOP NORTHCLIFF / FAIRLAND

Ruim, 4-slaapkamer huis met studeerkamer, 3 groot kuiereareas en groot onderdak patio met swembad en pragtuin. Drie oorgedoende badkamers en kombuis met soliede houtkaste, gasstoof, spens en opwasarea. Die huis is gereed om in te trek en lekker te bly. Geen werk benodig. +- 400 m² huis en 1750 m² erf. Uitstekende sekuriteit. R3,350,000.00. Kontak Anet 0833112986.

SUPERSEWES - KAMP (VOORBEREIDINGSKAMP VIR HOËRSKOOL)

Datum: 4 - 8 Oktober 2015
Koste: R900 per persoon + R90 busgeld
Waar: Môrester kampterrein
Kontak: Ds. Jaco Schoeman (082 411-4080)
Karen van Zyl (0844451520)

FISIOTERAPEUT

Fisioterapeut in 8ste Laan, Fairland. Ek fokus op rug- en nekprobleme; sportbeserings; posturale rehabilitasie en longfisioterapie. Privaat en groep Pilatesklasse. Kontak Terri-Anne Boers 0725398386 of taboersphysio@gmail.com.

PIRATES JUNIOR CRICKET

Pirates Junior Cricket (2015/2016) / Registration: Saturday 12th September 2014

Ages: 4-13, Time: Every Saturday 9am – 11am

Price: R1400 for seasonal membership or R150 a Saturday for casual membership

Venue: Pirates Sports Club, 25 Braeside Road, Greenside

CONTACT: Liam 071 160 4378 or gallboys@mweb.co.za or Doug 0833392986 or piratesjuniorcricket@gmail.com Seasonal membership includes: Pirates Shirt and Cap

WEES MA MET JOU EIE INKOMSTE…

Ek help ma's om geld van die huis af te maak en kosbare tyd saam met hul kinders te geniet. Vir meer inligting "click" asseblief op die volgende link: www.antoinetteventer.co.za/wees-ma-met-geld of skakel my by Antoinette Venter: 082 659 2240

VERBETER JOU KIND SE POTENSIAAL IN ATLETIEK / SPESIALISEER IN:

- Naellope
- Hekkies

Oefening begin Maandag 31 Augustus by Laerskool Fairland

Oefentye Maandae, Dinsdae en Donderdae 16:30 - 17:30

Kontak my vir meer inligting Adele Marx 084 450-2182 / Adelemarx86@gmail.com0844502182

EIENDOM POTCHEFSTROOM BY PUK SE HOOFHEK

CLASSIC SQUARE, Steve Bikostraat. Op die Bult, regoor Virgin Active Gimnasium. Bo Boeresjiek Wegneem-etes. Loopafstand van alles! Moderne, veilige en smaakvolle 2-slaapkamer woonstel. (96m²) 2 en-suite badkamers. Moderne kombuis met granietblaaie. Oopplan woon- en eetkamer. Moderne blinders in hele woonstel en Trellidordeure voor skuifdeure. Ideaal vir studente, werkende jongmense of vir belegging. R1.8m. Kontak: Schalk 083 327-2523 of Irene 083 651-7230.

DOMESTIC WORKER LOOKING FOR JOB

I am looking for a job – good at child minding and all house work – also available for babysitting. Has references. Contact Thandi Ndlovu 073 642-5108

Keanan Greyson, 'n gr 7-leerder by Laerskool Fairland

gaan in die Oktobervakansie die berg Kilimanjaro klim saam met sy oupa en ouma.

Dit is al sy droom vandat sy grootouers dit vir hom geklim het 10 jaar gelede.

Keanan wil sy droom laat waar word ten bate van Vriende van Fairland. Hierdeur wil hy teruggee aan die Fairlandgemeenskap om so dankie te sê vir sy bevoorregte jare by Laerskool Fairland.

Keanan beplan om die kruin van Uhurupiek (5895m) te bereik op sy 13de verjaarsdag op 4 Oktober.

Alle kostes ten opsigte van sy ekspedisie word 100% deur hulleself gedek.

Dus sal alle donasies ten volle ten bate van Vriende van Fairland wees. Gesinne, kinders en maatskappye word genooi om bydraes te maak.

Volg Keanan op Laerskool Fairland

Keanan_klimkili

Ondersteun Keanan in sy onbaatsugtige fondsinsameling!

Hulle vertrek al op 27 September!

KEANAN KLIM

KILIMANJARO

OKTOBER 2015

alle donasies sal ten bate van VVF wees

Donasies kan gemaak word deur EFT in VVF se rekening of in 'n kontantboks wat in die mediasentrum sal staan. 'n Barometer sal bygehou word in die mediasentrum om die vordering weekliks aan te toon.

Vriende van Fairland Rekening:
FNB, nr 623 0070 5186, Crestatak 254 905.
Verwysing : Keanan Klim
Kontak Daléne van Niekerk by
083 953 3916 vir enige navrae.
E-pos vvf@lsfairland.co.za.

Vriende van Fairland

Reg no. 2010/020728/08

VERTROULIKHEID
INTEGRITEIT
MENSWAARDIGHEID
DEURSIGTIGHEID TOEGANKLIKHEID

Hondevergiftiging

Na 'n onlangse hond vergiftigingsvoorval wat plaasgevind het in Northcliff, wil Beagle Watch aan huiseienaars die tekens uitwys waarvoor om uit te kyk of jou beste vriend dalk vergiftig is.

As jy onseker is, kry onmiddellik hulp Probeer om nie in kontak met die braaksel of vergiftigde kos te kom nie, dit is raadsaam om chirurgiese handskoene te dra om te verhoed dat die gif in jou sisteem kom.

Waarvoor om te kyk

- Hou jou troeteldier dop; daar kan tekens wees van duiseligheid of disoriëntasie.
- Kyk na die asemhaling. Hygend is normale, aangesien dit help om hul temperatuur te reguleer. Swaar hyg oor lang tydperke dui aan dat daar 'n probleem met die hart of long kan wees. Baie giftstowwe val die senuweestelsel aan en beperk asemhaling van die troeteldier.
- As jou troeteldier skielik 'n verlies van eetlus toon, kan dit wees as gevolg van giftige stowwe wat hy ingekry het.
- Wees op die uitkyk vir braking en diarree, beide simptome is hoogs onreëlmatig in honde en kan aandui dat jou hond probeer om van vreemde voorwerpe uit sy sisteem ontslae te raak.
- Die Veeaarts tel op dat die hond bewe en speekselafskeiding het, maar bykomende simptome sluit diarree en selfs verlamming.

Doen die volgende

- Kyk in sy mond. Die tandvleis moet ligpienk tot pienk van kleur wees. As hierdie kleure wissel van blou, pers, wit, geel of rooi, dit is 'n indikasie dat jou troeteldier se bloedvloei belemmer word. As jou troeteldier donker tandvleise het, kyk na die kleur van sy tong.
- Toets jou troeteldier se polsslag of hartklop. Normale hartklop wissel tussen 70-140 slae per minuut, afhangende van hul grootte. As dit 180 slae per minuut is kry die hond onmiddellik by die veeaarts. Om die pols te voel – plaas jou hand op die linkerkant van die dier se bors naby sy voorste been. Doen 'n vinnige 15 sekonde en maal met 4 om die aantal slae per minuut te kry.

Voorkoming

- Beskerm jou hond deur hom binnehuis te hou vir die nag of in die agterplaas.
- Loop in jou tuin rond. Giftige pakkies kan oor jou muur / hek gegooi word waar die troeteldier daaraan bloot gestel word.

Veeaartse in jou area

- Allen's Nek Veterinary Hospital: (011) 475 0663/4 - Cnr Jim Fouche & Rinyani Straat
- Northwest Veterinary Hospital: (011) 475 283331 - Kroton St South, Allens Nek,
- Northview Veterinary Clinic: (011) 678 6782 - 277 - Pendoring Road, Northcliff
- Ontdekkers Animal Hospital: (011) 674 1195 - Ontdekkers Road, Florida, Roodepoort
- Randpark Ridge Veterinary Hospital: (011)678 7526- 15 Monkor Rd, Randpark Ridge
- Weltevreden Park Vet Clinic: (011) 475 1342 - Cnr J G Strydom & Tennis Road

Vir meer inligting omtrent honde vergiftiging, besoek ons webblad http://www.beaglewatch.co.za/crime.htm onder "Dog Poisoning".

011 678 1972

facebook.com/BeagleWatch
twitter.com/beaglewatch

BEAGLE WATCH
ARMED RESPONSE

Monument Toyota Constantia
Tel: 011 288 2733
Cnr of Hendrik Potgieter & Rhinoceros Road, Weltevreden Park

NLP Life Coaching

Tyd om jou persoonlike en besigheids lewe tot volle potentiaal te laat groei?

Bespreek nou jou 1 uur gratis sessie

YOU Define YOUR OWN SUCCESS

Spesialiseer in: Anger Management, Depressie, Lae Selfbeeld, Besigheids groei

Neuro-Linguistic programming Practitioner

Negative Emotional Therapy Practitioner

Natalie 084 393 7989

RAWSON
TEL: 011 678 5725
275 Pendoring Road | Northcliff
jan.ob@rawson.co.za
www.rawson.co.za
Properties

Distance or reading lenses
Includes a GUESS fashion frame
and single vision reflection free stock lenses
Normal Price R3600
Now R2699

Progressive lenses (near and far combined)
Includes a GUESS fashion frame
and multifocal reflection free lenses
(reduces glare for night driving)
Normal Price R7500
Now R5799

DYNAMIC VISION™
LISE-MARIÉ GERMISHUIZEN OPTOMETRIST
T 011 476 3864
Shop 5, Mountain View Shopping Centre, cnr 14th Ave & Weltevreden Dr, Northcliff

Unleashing Potential

ProCricket ACADEMY™

Passionate about cricket ? Improve your skills !

- PROFESSIONAL COACHING FOR ALL AGE GROUPS AND STANDARDS
- ONE ON ONE COACHING AND GROUP COACHING
- JUNIOR CLUB CRICKET TEAM SELECTION AND TRAINING
- JUNIOR SPORTS PROGRAM(GRADE 0 – 2)

CONTACT:
072 509 3291
www.procricketacademy.co.za

Tel: (+27-11) 472-8648
(+27-11) 472-0387
Fax: (+27-11) 672-4292
E-mail: travelbooks@mweb.co.za
PO Box 7427
Westgate, 1734 South Africa
Unit B10, Mini Factories, Roodepoort,
Nadine Street, Robertville, Gauteng, SA.

Ons besoek binnekort/We will be visiting:

Plek/Venue: LAERSKOOL FAIRLAND

Date/Datum: 15 SEPTEMBER 2015 - TUESDAY

Time/Tyd: 10H00 - 15H00

Date/Datum: 16 SEPTEMBER 2015 - WEDNESDAY

Time/Tyd: 07H15 - 15H00

Ons bied 'n groot verskeidenheid van nuwe top kwaliteit boeke teen weggee pryse!

You are cordially invited to attend our massive book sale.

We have a huge variety of brand new top quality books at amazing discounts!

CONTACT:

VINETTE 082 559 2574

Yip, see you there!

(Krediet/Debiet Kaart Fasilitiet beskikbaar)
(Credit/Debit Card Facilities available)

THINK RANGE



This conference is for:
Parents with kids of all ages
Nursery and primary school teachers
Children and family ministry leaders and volunteers

Mosaiek, Randburg
Saturday 19 September 2015
From: 09:00 – 15:30

BOOKING ESSENTIAL: bonitan@mosaiek.com
011 268 4738
R150 per person (lunch included)

Speakers
Raymond Nell (Mosaiek)
Kenny Killian (Familietyd)
Adrinet de Bod (Occupational Therapist)
Johan Ferreira (Counselling Psychologist)

Breakout Sessions
The 4 learning styles
Things every child needs over time
Great story telling
The healing love of a parent
Children: Sensory beings
Play: How and when?
A better understanding of today's teenagers

Main Session
When church and home collide
– Reggie Joiner: Founder of the Rethink Group and Orange Conference in Atlanta, Georgia (DVD session)

Discipled by Culture
– Survive a media-driven world
– Phil Vischer: Creator of Veggie Tales and Jelly Telly (DVD session)

Exhibition Stalls
Educational toys (age appropriate), curriculums, Gospel illusions, books, etc. on SALE (Remember to bring your wallet).

MAP

YE YOUNG ENTREPRENEURS

YOUNG ENTREPRENEURS (YE) HOLIDAY CLUB

Come and join us for hours of fun. Kids (ages 7 to 12) are taught the basics of starting their own small business. Our trained and qualified facilitators will keep them busy for hours (in a safe environment) with interesting and fun activities, including making their own products, video clips, games and learning about selling and advertising their products. A market day is held at the end of the process in which they can sell their goodies and make some money.

When	5 to 7 October 2015
Where	Tutor U Support Centre • Office 8, Fontainebleau Village • Rabie Street • Randburg
Time	8 am to 12 pm (Monday to Wednesday)
Cost	R 500 per child
Notes	Our market day will be advised

Please contact Andre 071 265 5095 or Charlotte 083 236 2320
or mail: info.randburg@younge.co.za • Please visit our website at www.younge.co.za

Young Entrepreneurs (www.younge.co.za) teaches children (ages 7 to 15) vital entrepreneurial and financial literacy skills and helps them start and grow their own micro-enterprises in a fun and experiential way. Our programmes are designed to encourage entrepreneurial thinking and spark the entrepreneurial spirit in young people. Children are born imaginative, energetic, willing to take risks, but without entrepreneurial education, the enterprising spirit of children dramatically declines over time. We want to spark the entrepreneurial spirit in kids.